Voortdurende antwoorde op gebed

Daar is sekere dinge wat God vir ons in die Skrif leer, wat uiters noodsaaklik is vir voorbidding. Ons sou kon praat van riglyne vir gebed. Hierdie riglyne neem die vorm aan van bevele of opdragte wat hand-in-hand met gebed gaan. In 'n sekere sin sou ons kon praat van die geestelike voorwaardes vir gebed. Wat is die voorwaardes waaraan ons moet voldoen om voortdurend antwoorde op ons gebede te kry'?

Die voorwaardes en riglyne vir 'n lewe van voortdurende antwoord op gebed en kommunikasie met God, is o.a. die volgende:

1. Breek met alle bewuste sonde. Bely alle bewuste, onbelyde sonde in jou lewe - ook daardie sondes uit die verlede waaraan die Heilige Gees jou herinner.
2. **Romeine 6:4-6** sê dat ons as gelowiges in Jesus Christus is en dat ons saam met Hom ingeplant is in sy dood en saam met Hom gesterf het. Leef bewustelik vanuit hierdie posisie **(Rom.6:10-11)** en moenie hierdie geestelike posisie verlaat nie.
   "Aangesien ons met Hom een geword het in sy dood, sal ons sekerlik ook met Hom een wees in sy opstanding. Ons weet tog dat die sondige mens wat ons was, saam met Christus gekruisig is sodat ons sondige bestaan beëindig kon word. Ons is dus nie langer slawe van die sonde nie" **(Rom.6:5-6).**
   "Hy het gesterwe en is *eens en vir altyd vir die sonde dood. Nou lewe Hy en Hy lewe vir God. Julle moet dus altyd onthou dat ook julle vir die sonde dood is, maar vir God lewe, omdat julle een is met Christus Jesus "* **(Rom.6:10-11).**
3. Leef bewustelik vanuit die wete dat jy geestelik verenig is met die opgestane Christus en bly in Hom **(Joh.15:7; Rom.6:1l; Gal.2:20).**
   "En nou *is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe. Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê* " **(Gal.2:20).**
4. Sy woorde moet in jou bly as daaglikse voedsel vir die innerlike mens. Ken, lees en bestudeer die Bybel.
   Versoeke wat tot God gerig word, moenie bloot vanuit die gevoelens kom nie, maar eerder vanuit die wil en moet in ooreenstemming met die wil van God wees.
   "*... dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk"* **(Fil.2:13,** OV).
5. Geloof in God en gehoorsaamheid aan God, is absoluut noodsaaklik (Heb.11:6; Joh.15:7).
   "En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek " **(Heb.11:6,** OV).
   "As julle in My bly en My woorde in julle, vra dan net wat julle wil hê, en julle sal dit kry" **(Joh.15:7).**
6. Geen selfbelang, selfsug of eiesinnigheid moet in my gebede ter sprake wees nie **(Jak.4:2-3).**
   "Julle wil dinge hê maar kry dit nie... Julle kry nie, omdat julle nie bid nie. As julle bid, ontvang julle nie, omdat julle verkeerd bid: julle wil net julle selfsugtige begeertes bevredig" **(Jak.4:2-3).**
7. Bid **in/deur** die Gees, deur die krag van die Heilige Gees **(Jud.1:20; Ef.6:18; Rom.8:26-27).**
   "Bid altyd deur die krag van die Heilige Gees " **(Jud.1:20). " ...** *by elke geleentheid bid in die Gees "* **(Ef.6:18).**
   "Die Gees staan ons ook in ons swakheid by: ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie. En God, wat die harte deurgrond, weet wat die bedoeling van die Gees is, want Hy pleit, volgens die wil van God, vir die gelowiges " **(Rom.8:26-27).**
8. Satan sal poog om jou te verhinder om te bid, of die antwoord op jou gebede probeer verhinder. Wanneer dit gebeur, moet die beginsels van geestelike oorlogvoering

toegepas word, nl. die Bose te weerstaan, die sleutelmag te gebruik (bind en ontbind) en die Bose vanuit jou gesagsposisie in Christus aan te spreek.

9. Bid op grond van die beloftes van God. "Want hoeveel belofies van God daar ook mag wees, in Hom is hulle ja en in Hom amen, tot heerlikheid van God deur ons **(2 Kor.1:20, OV).**

10. Bid en wag dan totdat jy van God hoor wat jy moet doen. Om op God te wag en te wag vir 'n antwoord, beteken nie dat God nie jou gebed beantwoord het nie.

Die Here Jesus het o.a. die volgende voorwaardes gestel vir antwoord op gebed:

As julle geloof het en nie twyfel nie...(Matt.21:21-22).
As julle ***in My bly*** en My woorde in julle ... (Joh.15:7).
As *ons iets vra volgens Sy* **wil...(**1 Joh.5:14-15).
As *twee of drie* **saamstem...(**Matt.18:19-20).
As *julle iets* **in My Naam vra...** (Joh.14:13-14).
As *ons* ***S*y gebooie bewaar** *en doen wat* **welgevallig** *is voor Hom* (1 Joh.3:22).